# TOP HUIS

JUNIE / JULIE 2008



Raak snoesig dié winter

BEVEILIG JOU HUIS

WARM BADKAMERS

R25,95 (BTW ING)
ANDER LANDE R22,76
ISSN 18127622



# MEER AS NET 'N HUISIE BY DIE SEE

DEUR: Annemarie van Zyl PROJEK-KONSULTANT: Tharien Thompson FOTOGRAAF: Fiona Barclay Smith

Die ontwikkelaars lê sterk klem op die gebruik van natuurlike, organiese produkte en die bevordering van gesellige gemeensaamheid.



Die Arabella Country Estate buite Kleinmond in die Wes-Kaap is die soort woonplek waarvan die meeste mense maar net kan droom. Die landgoed, geleë op 'n bekroonde gholfbaan, is 'n leefstylkompleks in die ware sin van die woord. Alles wat jou hart begeer en nog meer is daar op jou voorstoep! Die energiekes kan in veiligheid gholf, tennis of putt-putt speel, perdry, stap, draf of in die gimnasium oefen. As jy jouself wil pamperlang, is daar verskeie topklas restaurante en in die spa kan jy die African Rainforest Experience, 'n wêreld-eerste, ervaar. Dit is 'n behandeling wat bestaan uit verskillende tipes storte met verskillende temperature, glo 'n opkikker van die eerste water.

Al die huise in die ontwikkeling is gebou rondom die idee van gemeenskaplikheid. Die toenemende neiging na oopplan leefareas weerspieël mense se begeerte om in kontak met vriende en familie te wees en om dinge saam te doen. Mense plaas al groter klem op gesinsbande en die belangrikheid van ouerlike rolmodelle in die ontwikkeling van hul kinders. Daarom moet hul huise dit vir hulle maklik maak om kwaliteit tyd as gesin saam deur te bring.



Groot oop leefareas wat met mekaar ineenskakel, maak van hierdie huis 'n baie vriendelike plek met 'n sterk gevoel vir die gemeenskaplike. Die kombuisarea is as die sentrale area gedefinieer waarvandaan alle aktiwiteite uitwaaier - die spreekwoordelike hart van die huis.



Van die kombuis af kan daar uitgeleef word na die patio en swembad buite of na die binne-eetarea.

Die kroeg en dienluik maak daarvan 'n multi-funksie area waar almal saam kan kook, eet, swem en kuier. Die patio is beskut sodat die wind nooit die pret bederf nie, en die swembad is lekker groot, sodat 'n mens behoorlike oefening kan kry, as jy sou wou!





As gevolg van die dubbelvolume spasies sluit die boonste leefarea visueel aan by die onderste, en word dit 'n baie gesellige, sosiale spasie. 'n Mens kan van bo af in die kombuis en eetarea afkyk en met die mense daar onder gesels en ook





kontak hê met die kinders of gaste buite in die swembad. Hiervandaan kan die sonsondergang en uitsig oor die berge en see ten beste geniet word, of jy kan loer hoe vorder jou buurman se voorgee! Daar is 'n ekstra kroeg bo sodat jy nie die trappe honderd maal op-en-af hoef te hardloop as jy nou eers jou sit gekry het nie.

Die voorkoms van die huis wyk heeltemal af van die hedendaagse style. Wat onmiddellik indruk maak,



is die sterk teenoorstaande vlakke en hoeke wat deur die dakkonstruksie geskep word. Dit trek, uit sommige hoeke beskou, sterk op huise wat in die 60's en 70's van die vorige eeu gebou is, met kenmerkende skuins daklyne. Binne-in die huis is die wisselwerking in skuins dakvlakke ook die oorheersende eerste indruk.

Die afwerkings dwarsdeur die huis is werklik die toppunt in luukse. Die vloere in die boonste leefareas is van soliede kiaat, 'n baie harde eksotiese houtsoort wat met die jare net verbeter, en die slaapkamers het ingevoerde bamboesvloere. Die res van die huis het soliede, egte marmervloere, met ondervloerse

verhitting. Die klipomrandings van die twee kaggels is van kwartsiet uit Sumatra.

Die ontwikkelaars het sterk klem gelê op natuurlike, organiese produkte en het probeer om die gebruik van kunsmatige materiale tot die minimum te beperk. Natuurlike leiklip is op die dak gebruik. Bamboesblindings laat rustige, gefiltreerde lig binne in die leefvertrekke.

Die kombuis is enige kok se droom. Alles wat in- of uittrek en oop- of toemaak, is daar, met die oulikste ingeboude draadrakkies en -laaitjies in die kaste. Die kombuise kom standaard met stoof, mikrogolfoond, dubbele yskas, ysmaker en koffiemaker (sjoe!).







Die vier slaapkamers het elk sy eie badkamer en die hoofslaapkamer het ook nog die luukse van 'n instapkas, net vir 'n bietjie meer spasie en gerief.

Om die luukse prentjie af te rond, het die huis lugversorging en 'n sentrale stofsuierstelsel.

Die klimaat en heersende winde is in ag geneem met die plasing van die huis









sodat die minimum kunsmatige ingryping nodig is om die huis te verhit, verkoel of belig.

Dieselfde met die swembad. Dit lê aan die noordekant sodat dit volle gebruik maak van die son. Die swembadbedekking verseker kinders se veiligheid, en help terselfdertyd ook om die temperatuur van die water te behou. Die bedekking maak outomaties oop en toe met die druk van'n knoppie.

Die huis is ontwerp met kinders in gedagte. Die tuin is gelyk en die groot erf bied volop speelplek. Daar is ook direkte toegang tot 'n klein woud, waar die kinders veilig kan speel en kan leer om die natuur te waardeer.

Hierdie beveiligde gholflandgoed bied werklik die toppunt in luukse verblyf. ❑

